

19 November

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-6

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:3-6

Ken jy vir God?

Ken ons God regtig? Hoe weet ons dat ons ons nie bedrieg nie? Hoe weet ons dit wat ons as kennis van God beskou, nie maar net 'n floue afskynsel is van wat dit regtig beteken om God te ken nie?

In vers drie kry ons dié versekering: "As ons die gebooi van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken." Om God te ken, is nie dooie, verpakte kennis wat op die rak staan nie. God is die Lewende, die Heilige. 'n Mens wat Hom ken, se lewe word verander. Soos kontak met 'n vlammeende vuur 'n stuk metaal laat gloei, so laat die kennis van God (lewende ontmoeting met God) sy kinders se lewens vlammeend gloei van liefde. Die resultaat wanneer die droë Namakwalandse aarde die verkwikkende werking reën leer ken, is landskapsverandering. Uit die sand breek 'n blommeparadys uit. So wek die kennis van God nuwe lewe in dooie harte en word die lieflike waarheid duidelik van hoe die lewe gedy waar gehoorsaamheid aan die gebooi van God déurbreek.

Kennis van God is só 'n onstuitbare lewensveranderende krag dat gehoorsaamheid nie net tot by 'n sekere punt vorder en dan kwyn nie. Liefde is vry om sy doel volkome te bereik. Soos 'n deurdrenkte blommelandskap wat vry is om die volle spektrum van kleureprag te wys, so bly die liefde van die gehoorsame nie beperk tot die eie kring nie. Dit breek selfs deur tot in die wydste kringe van liefde vir die vyand.

Sing: Psalm 19:4,5 Dr FW de Wet (Vryheid)